(2) If the accounting officer is satisfied that the employee or former employee is not guilty of the alleged criminal charge and has not forfeited the cover contemplated in section 11(4), with the changes required by the context, and such employee or former employee has unconditionally signed the undertaking contemplated in Schedule 3, he or she must only then sign the certificate at the end of Schedule 3 and, in writing, authorise the proposed expenditure and instruct the State Attorney to represent such employee, on whatever appropriate conditions he or she deems fit.

(3) A written instruction and duly signed undertaking, including a signed certificate, as contemplated in subsection (2), must be furnished to the State Attorney by the accounting officer of the organ of state in respect of each and every alleged criminal charge, application, or appeal or any other criminal proceeding in which such employee is involved, before the State Attorney may act on his or her behalf.

(4) (a) Subject to paragraph (b) and the provisions of Schedule 3, all the legal costs in such a case duly authorised in terms of subsection (2), read with subsection (3), will be borne by the state.

(b) Where it is later found that the said employee or former employee is guilty or substantially guilty as charged, or has in fact forfeited the cover contemplated in section 11(4), with the changes required by the context, he or she must repay all such legal costs to the state as contemplated in the said undertaking in Schedule 3.

Part 6 **Miscellaneous**

Regulations

13. The Minister—

- (a) must make the regulations as required by this Act, including any regulations providing for administrative or mediation procedures which are necessary or expedient in order to give effect to the provisions of section 2(5); and
- (b) may make such regulations as are necessary or expedient for the achievement of the objects of this Act.

Savings

14. Nothing in this Act contained affects any provision of any law which—

- (a) limits the liability of an organ of state in respect of any act or omission of its employees;
- (b) prescribes specified periods within which a claim is to be made in respect of any such liability; or

(c) imposes conditions on the institution of any action.

Amendment or repeal of laws, and transitional provisions

15. (1) The laws referred to in Schedule 1 are amended or repealed to the extent set out in the third column of that Schedule.

(2) Any legal proceedings instituted against or by an organ of state before the commencement of this Act and which have not been finalised, must be dealt with as if this Act has not been passed.

Short title and commencement

16. This Act is called the State Liability Act, 2009, and comes into operation on a date set by the President by proclamation in the *Gazette*.

Schedule 1
LAWS AMENDED OR REPEALED BY SECTION 15(1)

No. and year of law	Short title	Extent of amendment or repeal
Act 20 of 1957	State Liability Act, 1957	Repeal of the whole
Act 40 of 2002	Institution of Legal Proceedings against certain Organs of State Act, 2002	<p>1. Repeal of sections 3, 4 and 5.</p> <p>2. Substitution for section 6 of the following section: "Short title 6. <u>This Act is called the Prescription of Debts of certain Organs of State Act, 2002.</u>"</p> <p>3. Substitution for the long title of the following long title: <u>"To regulate the prescription and to harmonise the periods of prescription of debts for which certain organs of state are liable; to repeal or amend certain laws; and to provide for matters connected therewith."</u></p>

Schedule 2
APPLICATION AND UNDERTAKING IN REGARD TO CIVIL MATTER IN
TERMS OF SECTION 11 OF STATE LIABILITY ACT, 2009

I,....., the undersigned, employed or formerly employed as in, hereby request the State Attorney in terms of section 11 of the State Liability Act, 2009, to defend the action instituted against me by

1. I hereby confirm that I have read and understand section 11 of the State Liability Act, 2009 (the Act), and Schedule 2 to the Act.
2. I hereby declare that I have a proper and good defence to the civil action being brought against me, and that I have at all times relevant hereto acted in the course and scope of my duties and that I have not forfeited the cover referred to in section 11(4) of the Act in regard to the civil action brought against me.
3. I hereby undertake, on demand, to refund to the state all costs (including attorney's and client's costs) involved in the case, including the claimant's costs, if the state has paid them, and any other amounts the state may have disbursed on my behalf in terms of any settlement of the claim or any court order against me, if I, in the opinion of the accounting officer—
 - (a) lose or substantially lose the case; or
 - (b) have forfeited the cover referred to in section 11(4) of the Act.
4. I hereby authorise the state to deduct from my salary in one payment or in any number of payments the accounting officer may think fit any amount due in accordance with this agreement. I also hereby cede to the state all rights and claims to any legal costs I may obtain in terms of a court order.
5. I declare that I am aware of the provisions of section 21(3) of the Government Employees Pension Law, 1996 (Proclamation No. 21 of 1996), regarding deductions in terms of and according to that section from any annuity or benefit payable to me upon my retirement or dismissal in terms of the Public Service Act, 1994 (Proclamation No. 103 of 1994), in respect of any amount due by me to the state owing to a decision contemplated in this agreement.
6. I am aware that the State Attorney may at a later date act against me on behalf of the state in a case arising out of this matter or related thereto, and I hereby agree that any information obtained from me may be used against me and that his or her action on my behalf in this case shall not prevent him or her from subsequently acting against me in other cases.
7. I undertake, if I leave the employment of the state and for as long as I owe the state any amount in terms of this undertaking, to inform the relevant organ of state of any change in address and, if I fail to do so, I could be held liable for any costs incurred to trace me.
8. I also hereby authorise the Receiver of Revenue to provide my address to the relevant organ of state, if asked for it in terms of this agreement.

9. I hereby waive any right to plead prescription with regard to any amount that I may owe the state in terms of this agreement and which may become payable.

Signed at on this day of
20.....

.....
Signature

Witnesses:

- 1.
- 2.

CERTIFICATE

I,, in my capacity as, declare that I am, on the basis of the information at my disposal, of the opinion that the employee/former employee has not forfeited the cover referred to in section 11(4) of the Act and that his or her defence by the State Attorney is in the interest of the state, and I therefore authorise that the above-mentioned application be accepted and that the employee's/former employee's defence be undertaken by the State Attorney, as requested, at state expense.

Dated at on this day of
20.....

.....
Accounting Officer

Schedule 3
APPLICATION AND UNDERTAKING IN REGARD TO DEFENCE BY STATE
ATTORNEY IN CRIMINAL CASE IN TERMS OF SECTION 12 OF STATE
LIABILITY ACT, 2009

I,, the undersigned, an employee/former employee of, hereby apply for defence by the State Attorney in a criminal case, State vs, (case no.....), in which I am accused of

1. I hereby confirm that I have read and understand section 12 of the State Liability Act, 2009 (the Act), and Schedule 3 to the Act.
2. I hereby declare that I am not guilty of the alleged criminal charge and that I have not forfeited the cover referred to in section 11(4) of the Act, with the changes required by the context, in regard to the alleged criminal charge.
3. I hereby undertake, on demand, to refund to the state all costs incurred by the State Attorney in connection with my defence, if I, in the opinion of the accounting officer—
 - (a) am found guilty or substantially guilty of the alleged criminal charge; or
 - (b) have forfeited the cover referred to in paragraph 2,
4. I hereby authorise the state to deduct from my salary in one payment or in any number of payments the accounting officer may think fit any amount due in accordance with this agreement.
5. I declare that I am aware of the provisions of section 21(3) of the Government Employees Pension Law, 1996 (Proclamation No. 21 of 1996), regarding deduction in terms of and according to that section from any annuity or benefit payable to me upon my retirement or dismissal in terms of the Public Service Act, 1994 (Proclamation No. 103 of 1994), in respect of an amount due from me to the state owing to a decision contemplated in this agreement.
6. I am aware that the State Attorney may at a later date act against me on behalf of the state in a case arising out of this matter or related thereto, and I hereby agree that any information obtained from me may be used against me and that his or her action on my behalf in this case shall not prevent him or her from subsequently acting against me in other cases.
7. I undertake, if I leave the service of the state and for as long as I owe the state any amount in terms of this undertaking, to inform the relevant organ of state of any change in address and, if I fail to do so, I could be held liable for any costs incurred to trace me.
8. I also hereby authorise the Receiver of Revenue to provide my address to the relevant organ of state, if asked for it.
9. I hereby waive any right to plead prescription with regard to any amount that I may owe the state in terms of this agreement and which may become payable.

Signed at on this day of
20.....

.....
Signature

Witnesses:

1.

2.

CERTIFICATE

I,, in my capacity as, declare that I am, on the basis of the information at my disposal, of the opinion that the employee/former employee is not guilty of the alleged criminal charge and has not forfeited the cover in section 11(4), with the changes required by the context, and that his or her defence by the State Attorney is in the interest of the state, and I therefore authorise that the above-mentioned application be accepted and that that employee's/former employee's defence be undertaken by the State Attorney, as requested, at state expense.

Dated at on this day of
20.....

.....
Accounting Officer

MEMORANDUM ON THE OBJECTS OF THE STATE LIABILITY BILL, 2009

1. BACKGROUND

- 1.1 The State Liability Bill, 2009 (the Bill), seeks to rectify the unconstitutionality of the State Liability Act, 1957 (Act No. 20 of 1957).
- 1.2 The background information set out in paragraph 1.1 to 1.5 of the Memorandum on the Objects of the Constitution Eighteenth Amendment Bill of 2009 in Annexure A applies equally to the Bill.

2. PROVISIONS OF BILL

- 2.1 The Bill seeks to replace the State Liability Act, 1957, in order to make provision for—
 - (a) procedural requirements for the institution of legal proceedings against the state;
 - (b) measures for enforcing the execution of final court orders against the state, including payments to be made by the state to comply with final court orders; and
 - (c) measures to enable the state to deal efficiently and effectively with all legal proceedings in which the state is involved.
- 2.2 The contents of the Bill are, apart from the interpretation clause, divided into 6 Parts and 3 Schedules. The first two Parts, dealing with "Notice" and "Process", respectively, were taken over from the Institution of Legal Proceedings against certain Organs of State Act, 2002 (Act No. 40 of 2002), without any substantial amendment, which also deals with "prescription of debts". The provisions in those Parts are therefore existing law being re-enacted in the Bill. Part 3 deals with "Enforcement of final court orders sounding in money", and seeks to rectify the finding of unconstitutionality discussed above in the *Nyathi* case. Part 4 deals with "Responsibility for litigation and settlement of debt, and reporting", Part 5 deals with "Accountability" and Part 6 deals with "Miscellaneous". Schedule 1 contains laws being amended or repealed by the Bill. Schedules 2 and 3 are *pro forma* undertakings which employees or former employees of the state in the widest sense will have to agree to before being afforded legal representation in civil or criminal matters, respectively.
- 2.3 The provisions of the Bill can be summarised as follows:
 - (a) Clause 1 seeks to insert a definition clause.
 - (b) Clause 2 seeks to prescribe that notice of intended legal proceedings must be given to an organ of state before such proceedings may be instituted.
 - (c) Clause 3 seeks to prescribe the manner in which such notice must be served on an organ of state.

- (d) Clause 4 of Part 2 seeks to prescribe the manner in which legal process must be served on an organ of state. Part 1 and clause 4 are existing provisions being re-enacted in the Bill.
- (e) Clause 5 of Part 2 is an adaptation of section 1 of the State Liability Act, 1957, and seeks to prescribe that claims against the state are cognisable in any competent court.
- (f) Clause 6 of Part 2 seeks to prescribe that legal proceedings against the state should be instituted against the executing authority of the organ of state concerned.
- (g) Clause 7 of Part 3 seeks to prescribe how final court orders sounding in money should be satisfied, and thereby addresses the ruling in the *Nyathi* case. It starts from the same premise that there should be no execution, attachment or like process against the state or the property of the state, but provides that a final court order sounding in money must be satisfied within 30 days of the order being given. The accounting officer of the organ of state concerned is responsible for making that payment. If there is a lack of funds, other measures are prescribed, including an intervention by the National or provincial treasury in order to make the payment. If all else fails, the judgment creditor may, on 10 days' notice, call on the accounting officer, the head of the treasury and the head of the department concerned to explain to the court why payment was not made. The court then has a wide discretion to act as it deems fit. An accounting officer who fails to comply with the provisions regarding payment is liable to contempt of court or to a charge of financial misconduct.
- (h) Clause 8 of Part 4 seeks to provide that the executing authority of an organ of state has the responsibility to authorise any decision for an organ of state to—
 - (i) initiate or institute any legal proceedings; and
 - (ii) defend any legal proceedings initiated or instituted against it.That power may not be delegated. The accounting officer may decide to settle in any such proceedings, which power may also not be delegated.
- (i) Clause 9 of Part 4 seeks to prescribe that every head of a national or provincial department must submit reports of all pending litigation matters falling within their sphere of responsibility twice per annum to the chief litigation officer, who must table a joint report before Cabinet. All such matters of a constitutional nature must be reported on four times per annum.
- (j) Clause 10 of Part 4 seeks to prescribe that every organ of state must report the statistics of litigation contemplated in clause 8(1) in which it is involved, on a monthly basis to the chief litigation officer, who must report the aggregate of statistics so received to Cabinet.
- (k) Clause 11 of Part 5 seeks to prescribe what should happen in cases of civil claims against the state or its employees in a wider

sense, and provides who shall be responsible for legal costs incurred when the state is liable for such claims.

- (l) Clause 12 of Part 5 is similar to clause 11, but relates to criminal matters.
- (m) Part 6 contains miscellaneous provisions regarding the making of regulations (clause 13), savings (clause 14), amendment and repeal of laws (clause 15) and the short title (clause 16). Schedule 1 contains the laws being amended and repealed, namely the State Liability Act, 1957, and the Institution of Legal Proceedings against certain Organs of State Act, 2002.

KENNISGEWING 689 VAN 2009**DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING****PUBLIKASIE VAN AGTIENDE WYSIGINGSWETSONTWERP OP DIE
GRONDWET VAN 2009 EN WETSONTWERP OP
STAATSAANSPREEKLIKHEID, 2009**

Die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling publiseer hierby—

- (a) die Agtiende Wysigingswetsontwerp op die Grondwet van 2009, soos in Aanhangel A vervat; en
- (b) die Wetsontwerp op Staatsaanspreeklikheid, 2009, soos in Aanhangel B vervat,

vir openbare kommentaar. Enige persoon wat wens om kommentaar op die voorgestelde wysigings te lewer, word uitgenooi om skriftelike kommentaar aan die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling voor te lê. Kommentaar moet asseblief nie later nie as **1 Julie 2009** vir die aandag van mnr J J Labuschagne, Privaatsak X 81, Pretoria, 0001, gerig word.

(Elektroniese posadres: Jolabuschagne@justice.gov.za of faksimilee no. 086 501 8053)

AANHANGSEL A**AGTIENDE WYSIGINGSWETSONTWERP OP DIE GRONDWET VAN 2009**

(MINISTER VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING)

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in
bestaande verordenings aan.

WETSONTWERP

Tot wysiging van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, ten einde voorsiening te maak vir 'n Parlements wet om regsgedinge waarin die staat betrokke is te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

Die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika bepaal soos volg:—

Invoeging van artikel 173A in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

1. Die volgende artikel word hierby in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, na artikel 173 ingevoeg:

"Regsgedinge teen staat

173A. (1) Ondanks enige ander bepaling van die Grondwet, moet 'n Parlements wet redelike—

- (a) prosedurele vereistes vir die instel van regsgedinge teen die staat;
- (b) maatreëls vir afdwinging van die tenuitvoerlegging van finale hofbevele teen die staat, met inbegrip van betalings wat deur die staat gedoen moet word om aan finale hofbevele te voldoen; en
- (c) maatreëls om die staat in staat te stel om doeltreffend en effektief te handel met alle regsgedinge waarin die staat betrokke is, voorskryf.

(2) Artikel 226(2)(b) is nie van toepassing nie indien die maatreëls bedoel in subartikel (1)(b) provinsiale regerings magtig om betalings as regstreekse laste teen die Provinsiale Inkomstefondse te doen wanneer aan finale hofbevele voldoen word.

(3) Verskillende beperkings, prosedures en maatreëls kan vir verskillende sfere van regering of kategorieë van die staat of staatsorgane voorgeskryf word."

Kort titel en inwerkingtreding

2. Hierdie Wet heet die Agtiende Wysigingswet op die Grondwet van 2009, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE AGTIENDE WYSIGINGSWETSONTWERP OP DIE GRONDWET VAN 2009

1. AGTERGROND

- 1.1 Artikel 3 van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957 (Wet No. 20 van 1957), bepaal soos volg:

"Voldoening aan vonnis

3. Geen lasbrief tot tenuitvoerlegging of beslaglegging of soortgelyke prosesstuk kan in so 'n aksie of regsgeding teen die verweerder of respondent of teen eiendom van die Staat uitgereik word nie, maar die bedrag, as daar is, wat vereis mag word om aan 'n uitspraak of bevel wat in so 'n aksie of regsgeding teen die nominale verweerder of respondent gedoen of uitgereik is, te voldoen, kan uit die Nasionale Inkomstefonds of 'n Provinsiale Inkomstefonds, na gelang van die geval, betaal word."

- 1.2 Op 30 Maart 2007 het die destydse Pretoria Hoë Hof in *Nyathi v MEC for the Department of Health, Gauteng and Another* (TPD saak No. 26014/2005), die volgende bevel gemaak:

"1. The following portion of section 3 of the State Liability Act No 20 of 1957, is hereby declared to be inconsistent with the Constitution of the Republic of South Africa and therefore invalid:

'No execution, attachment or like process shall be issued against a defendant or a respondent in any such action or proceedings or against the property of the State'

2."

- 1.3 Ingevolge artikel 172(2)(a) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (die Grondwet), het 'n bevel van grondwetlike ongeldigheid in die Hoë Hof geen krag nie tensy dit deur die Konstitusionele Hof bevestig is. Gevolglik is die aangeleentheid na die Konstitusionele Hof vir bevestiging van die Hoë Hof se bevel van grondwetlike ongeldigheid verwys.
- 1.4 Op 2 Junie 2008 het die Konstitusionele Hof in *Nyathi v Member of the Executive Council for the Department of Health, Gauteng and Another* 2008 (9) BCLR 865 (CC) (die *Nyathi* saak), onder andere, die volgende bevel in par 92 gemaak:

"(1) The order of constitutional invalidity made by the Pretoria High Court is confirmed in the following terms:

Section 3 of the State Liability Act is declared to be inconsistent with the Constitution to the extent that it does not allow for execution or attachment

against the state and that it does not provide for an express procedure for the satisfaction of judgment debts.

(2) The declaration of invalidity is suspended for a period of 12 months to allow Parliament to pass legislation that provides for the effective enforcement of court orders.

(3) ...

(4) ...

(5) ...".

1.5 Ten einde die Konstitusionele Hof se uitspraak in die *Nyathi* saak, sowel as ander praktiese probleme wat met die tenuitvoerlegging van hofbevele teen die staat ondervind word, aan te spreek, blyk dit meer gepas te wees om 'n nuwe Wet op Staatsaanspreeklikheid te bevorder en te verorden eerder as om wysigings aan die alreeds verouderde Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957, aan te bring. 'n Gepaardgaande Wysigingswetsontwerp op die Grondwet, naamlik, die Agtiende Wysigingswetsontwerp op die Grondwet van 2009 (die Wetsontwerp), word ook vereis.

2. BEPALINGS VAN WETSONTWERP

2.1 Die Wetsontwerp beoog om 'n nuwe artikel 173A in die Grondwet in te voeg wat, onder andere, voorsiening maak dat 'n Parlements wet redelike—

- (a) prosedurele vereistes vir die instel van regsdinge teen die staat (nuwe subartikel (1)(a));
- (b) maatreëls vir afdwinging van die tenuitvoerlegging van finale hofbevele teen die staat, met inbegrip van betalings wat deur die staat gedoen moet word om aan finale hofbevele te voldoen (nuwe subartikel (1)(b)); en
- (c) maatreëls om die staat in staat te stel om doeltreffend en effektief te handel met alle regsdinge waarin die staat betrokke is (nuwe subartikel (1)(c)),

moet voorskryf.

2.2 Voorsiening word verder gemaak dat artikel 226(2)(b) van die Grondwet (wat bepaal dat geld uit 'n Provinsiale Inkomstefonds onttrek kan word as 'n regstreekse las teen die Provinsiale Inkomstefonds indien in die Grondwet of 'n provinsiale Wet daarvoor voorsiening gemaak word) nie van toepassing is nie indien die maatreëls bedoel in die nuwe subartikel (1)(b) hierbo provinsiale regerings magtig om betalings as regstreekse laste teen die Provinsiale Inkomstefonds te doen wanneer aan finale hofbevele voldoen word (nuwe subartikel (2)). Voorsiening word ook gemaak dat verskillende beperkings, prosedures en maatreëls vir verskillende sferes van regering of kategorieë van die staat of staatsorgane voorgeskryf kan word (nuwe subartikel (3)).

- 2.3 Die nuwe artikel 173A is bedoel om die grondslag te lê vir die vervanging van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957, soos in paragraaf 1.5 hierbo genoem. Die Wetsontwerp op Staatsaanspreeklikheid, 2009, sal na bedoeling die "Parlementswet" beoog in die nuwe artikel 173A(1) wees.
- 2.4 In die lig van die onderlinge verhouding tussen die Wetsontwerp en die Wetsontwerp op Staatsaanspreeklikheid, 2009, behoort die twee Wetsontwerpe, so ver moontlik, as 'n pakket oorweeg te word.

AANHANGSEL B
WETSONTWERP OP STAATSAANSPREEKLIKHEID, 2009

 (MINISTER VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING)

WETSONTWERP

Om voorsiening te maak dat redelike kennis gegee moet word en vir die behoorlike betekening van prosesstukke voor die instelling van regsgedinge teen sekere staatsorgane; die wyse te reël waarop 'n finale hofbevel teen die staat vir 'n likiede bedrag nagekom moet word; voorsiening te maak vir beter beheer oor en toerekenbaarheid vir regsgedinge of enige vorm van litigasie waarin die staat betrokke is; sekere wette te wysig of te herroep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

INHOUD
Woordomskrywing en uitleg

Woordomskrywing en uitleg	1
Deel 1	
<i>Kennisgewing</i>	
Kennis van beoogde regsgedinge moet aan staatsorgaan gegee word	2
Betekening van kennisgewing	3
Deel 2	
<i>Prosesstukke</i>	
Betekening van prosesstukke	4
Eise teen staat ontvanklik in enige bevoegde hof	5
Verrigtinge moet teen die betrokke uitvoeringsgesag ingestel word	6
Deel 3	
<i>Uitvoering van finale hofbevele vir likiede bedrae</i>	
Nakoming van finale hofbevele vir likiede bedrae	7
Deel 4	
<i>Verantwoordelikheid vir litigasie en skikking van skuld, en verslagdoening</i>	
Magtiging deur uitvoeringsgesag en rekenpligtige beampte vir litigasie of skikking van skuld	8
Verslagdoening	9
Statistieke van litigasie	10

Deel 5	
Verantwoordbaarheid	
Siviele eise teen staat of sy werknemers	11
Strafregtelike aangeleenthede	12
Deel 6	
Diverse	
Regulasies	13
Voorbehoude	14
Wysiging of herroeping van wette, en oorgangsbepalings	15
Kort titel en inwerkingtreding	16
Bylae 1	
WETTE GEWYSIG OF HERROEP DEUR ARTIKEL 15(1)	
Bylae 2	
AANSOEK EN ONDERNEMING MET BETREKKING TOT SIVIELE SAAK INGEVOLGE ARTIKEL 11 VAN DIE WET OP STAATSAANSPREEKLIKHEID, 2009	
Bylae 3	
AANSOEK EN ONDERNEMING MET BETREKKING TOT VERDEDIGING DEUR STAATSPROKUREUR IN STRAFSAAK INGEVOLGE ARTIKEL 12 VAN DIE WET OP STAATSAANSPREEKLIKHEID, 2009	

Woordomskrywing en uitleg

Woordomskrywing en uitleg

1. (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
- (i) **"finale hofbevel"** 'n bevel—
- (a) deur 'n hof van finale instansie gemaak of bevestig; of
 - (b) deur enige ander hof gemaak waar die tyd vir die aanteken van appèl teen die bevel na 'n hoër hof verstryk het en geen appèl aangeteken is nie: Met dien verstande dat waar 'n hof daarna kondonasie toestaan vir die laat aantekening van 'n appèl, 'n bevel gemaak of bevestig deur die hof wat so 'n appèl aanhoor;
- (ii) **"Grondwet"** die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- (iii) **"grondwetlike instelling"**—
- (a) die Finansiële en Fiskale Kommissie;
 - (b) die Kommissie oor die Besoldiging van Openbare Ampsbekleërs;
 - (c) die Munisipale Afbakeningsraad;
 - (d) die Openbare Beskermer;
 - (e) die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie;
 - (f) die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe;
 - (g) die Kommissie vir Geslagsgelykheid;
 - (h) die Verkiesingskommissie;
 - (i) die Onafhanklike Uitsaai-owerheid;

- (j) die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad; en
 (k) die Ouditeur-generaal;
- (iv) **"hoof litigasiebeampte"** die bekleër van daardie pos op die diensstaat van die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling en ook 'n waarnemende hoof litigasiebeampte;
- (v) **"hierdie Wet"** ook die regulasies;
- (vi) **"kennisgewing"** 'n kennisgewing beoog in artikel 2(1)(a);
- (vii) **"krediteur"** iemand wat beoog om 'n regsGEDING teen 'n staatsorgaan in te stel vir die verhalings van 'n skuld of wat so 'n geding ingestel het, met inbegrip van so iemand se voog of kurator indien so iemand minderjarig of geestelik gestremd of onder kuratele is, na gelang van die geval;
- (viii) **"LUR"** 'n lid van die Uitvoerende Raad van 'n provinsie verantwoordelik vir 'n provinsiale departement;
- (ix) **"Minister"** die lid van die Kabinet verantwoordelik vir die administrasie van die regspleging;
- (x) **"munisipale entiteit"** 'n munisipale entiteit soos beoog in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur;
- (xi) **"nasionale departement"** 'n departement vermeld in die eerste kolom van Bylae 1 by die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), maar nie 'n provinsiale departement nie;
- (xii) **"Nasionale Tesourie"** die Nasionale Tesourie ingestel by artikel 5 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;
- (xiii) **"openbare entiteit"** 'n nasionale of provinsiale openbare entiteit soos beoog in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;
- (xiv) **"provinsiale departement"**—
 (a) 'n provinsiale administrasie vermeld in die eerste kolom van Bylae 1 by die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994); of
 (b) 'n departement binne 'n provinsiale administrasie en vermeld in die eerste kolom van Bylae 2 by daardie Wet;
- (xv) **"regulasie"** 'n regulasie uitgevaardig ingevolge artikel 13;
- (xvi) **"rekenpligtige beampte"**, met betrekking tot—
 (a) 'n nasionale of provinsiale departement, of 'n grondwetlike instelling, iemand vermeld in artikel 36 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;
 (b) 'n munisipaliteit of 'n munisipale entiteit, die munisipale beampte vermeld in artikel 60 of die beampte van die entiteit vermeld in artikel 93 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, na gelang van die geval;
 (c) enige ander staatsorgaan, die persoon of rekenpligtige gesag verantwoordelik vir die verantwoordelikhede van die betrokke staatsorgaan soortgelyk aan daardie vermeld in artikels 38 tot 42 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, en ook 'n waarnemende rekenpligtige beampte;
- (xvii) **"skuld"** enige skuld wat ontstaan uit enige skuldoorsaak voortspruitend uit deliktuele, kontraktuele of enige ander aanspreeklikheid, met inbegrip van 'n skuldoorsaak met betrekking tot of wat ontstaan uit enige—

- (a) handeling kragtens of ingevolge enige wet verrig; of
- (b) nalate om enigiets te doen wat kragtens of ingevolge enige wet, gedoen moes gewees het, hetsy so 'n skuld voor of na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet betaalbaar geword het;
- (xviii) **"staat"** ook 'n staatsorgaan;
- (xix) **"staatsorgaan"**—
 - (a) 'n nasionale of provinsiale departement;
 - (b) 'n munisipaliteit beoog in Hoofstuk 7 van die Grondwet;
 - (c) 'n funksionaris of instelling wat 'n bevoegdheid uitoefen of 'n werksaamheid verrig ingevolge die Grondwet, of 'n provinsiale grondwet bedoel in artikel 142 van die Grondwet, met inbegrip van die Parlement, 'n provinsiale wetgewer, of 'n hof of 'n regterlike beampte handelend in sy of haar hoedanigheid as regterlike beampte;
 - (d) 'n funksionaris of instelling wat 'n openbare bevoegdheid uitoefen of 'n openbare werksaamheid verrig ingevolge enige wetgewing; of
 - (e) 'n persoon of openbare entiteit vir wie se skuld 'n staatsorgaan beoog in paragrawe (a) tot (d) aanspreeklik is, maar nie ook 'n openbare entiteit of parastataal wat volledig of substansieel deur middel van—
 - (i) die Nasionale Inkomstefonds;
 - (ii) 'n provinsiale inkomstefonds; of
 - (iii) 'n belasting, heffing of ander statutêre geld, gefinansier word nie;
- (xx) **"uitvoeringsgesag"**, met betrekking tot—
 - (a) die Presidensie, die President;
 - (b) die Kabinet, die President handelend gesamentlik met die ander lede van die Kabinet;
 - (c) die Parlement, die Speaker van die Nasionale Vergadering en die Voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies wat gesamentlik handel;
 - (d) 'n provinsiale wetgewer, die speaker van die wetgewer;
 - (e) 'n provinsiale uitvoerende raad, die premier van die provinsie;
 - (f) 'n nasionale departement, die Minister van die departement;
 - (g) 'n provinsiale departement, die LUR van die departement;
 - (h) 'n munisipaliteit met—
 - (i) 'n uitvoerende burgemeester, die raadslid verkies as die uitvoerende burgemeester van die munisipaliteit ingevolge artikel 55 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998); of
 - (ii) 'n uitvoerende komitee, die raadslid verkies as die burgemeester van die munisipaliteit ingevolge artikel 48 van daardie Wet;
 - (i) 'n grondwetlike instelling bestaande uit 'n liggaam van persone, die voorsitter van daardie grondwetlike instelling, en 'n grondwetlike instelling bestaande uit 'n enkele ampsdraer, die ampsbekleder van

- daardie amp;
- (j) die Regbank, met inbegrip van die landdrosamp, die hoof van die betrokke hof; en
- (k) enige ander staatsorgaan, die hoogste ampsdraer in rang in daardie staatsorgaan of, indien dit 'n beheerraad of ekwivalente bestuursliggaam het, die voorsitter van so 'n raad of liggaam;
- (xxi) **"voorskryf"** by regulasie ingevolge artikel 13 voorskryf;
- (xxii) **"werknemer"**, met betrekking tot 'n staatsorgaan, ook enigiemand in diens by daardie staatsorgaan op watter voorwaardes ookal, indien daardie voorwaardes ook 'n voorwaarde insluit, of dit andersins regtens afgelei word, dat die staat aanspreeklik gehou kan word vir enige skuld veroorsaak deur so 'n persoon handelend in daardie hoedanigheid en binne die bestek van sy of haar magtiging as so 'n werknemer; en by die toepassing van artikels 11 en 12, ook enigiemand wat nie 'n werknemer in die enge sin is nie, maar wat die staat verteenwoordig of namens die staat in amptelike hoedanigheid en binne die bestek van sy of haar magtiging as so 'n ampsdraer optree, met inbegrip van—
- (a) die President, Adjunkpresident, 'n Premier van 'n provinsie en 'n uitvoerende burgemeester of burgemeester van 'n munisipaliteit;
- (b) 'n lid van die Kabinet en 'n adjunkminister;
- (c) 'n lid van 'n Uitvoerende Raad van 'n provinsie;
- (d) 'n uitvoerende burgemeester of 'n ander lid van 'n munisipale uitvoerende komitee;
- (e) 'n lid van die wetgewer in die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfeer;
- (f) 'n regterlike beampte; en
- (g) 'n lid of kommissaris van 'n grondwetlike instelling, of 'n lid of funksionaris van 'n instelling of openbare entiteit soos beoog in paragrawe (d) en (e) van die woordomskrywing van "staatsorgaan", en wat nie binne die parameters van die eerste gedeelte van die woordomskrywing van "werknemer" val nie;
- (xxiii) **"Wet op Openbare Finansiële Bestuur"** die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), soos van tyd tot tyd gewysig; en
- (xxiv) **"Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur"** die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003).

(2) By die toepassing van hierdie Wet word 'n regsding ingestel deur die betekening van 'n prosesstuk, behalwe 'n kennisgewing, aan 'n staatsorgaan, waarin 'n krediteur betaling eis van 'n skuld.

Deel 1 *Kennisgewing*

Kennis van beoogde regsdinge moet aan staatsorgaan gegee word

2. (1) 'n Regsgeding vir die verhaling van 'n skuld kan nie teen 'n staatsorgaan ingestel word nie tensy—

- (a) die krediteur die betrokke staatsorgaan skriftelike kennis van sy of haar voorneme gegee het om die betrokke regsgeding in te stel; of
- (b) die betrokke staatsorgaan skriftelik ingestem het tot die instelling van daardie regsgeding—
 - (i) sonder sodanige kennis; of
 - (ii) na ontvangs van 'n kennisgewing wat nie aan al die vereistes in subartikel (2) uiteengesit, voldoen nie.

(2) 'n Kennisgewing moet—

- (a) binne ses maande na die datum waarop die skuld betaalbaar geword het, aan die staatsorgaan beteken word ooreenkomstig artikel 3(1); en
- (b) kortliks—
 - (i) die feite uiteensit wat aanleiding tot die skuld gee; en
 - (ii) die besonderhede van die skuld wat binne die kennis van die krediteur val, uiteensit.

(3) By die toepassing van subartikel (2)(a) word 'n skuld nie geag betaalbaar te wees totdat die krediteur kennis dra van die identiteit van die staatsorgaan en van die feite wat aanleiding tot die skuld gee nie, maar 'n krediteur word geag sodanige kennis te verkry het sodra hy of sy dit kon verkry het deur redelike sorg uit te oefen, tensy die staatsorgaan hom of haar opsetlik verhoed het om die kennis te verkry.

(4) (a) Indien 'n staatsorgaan staatmaak op 'n krediteur se versuim om 'n kennisgewing ingevolge subartikel (2)(a) te beteken, kan die krediteur by 'n hof wat jurisdiksie het, aansoek doen om kondonاسie vir die versuim.

(b) Die hof kan 'n aansoek in paragraaf (a) bedoel, toestaan indien die hof oortuig is dat—

- (i) die skuld nie deur verjaring uitgewis is nie;
- (ii) goeie gronde bestaan vir die versuim van die krediteur; en
- (iii) die staatsorgaan nie onredelik benadeel is deur die versuim nie.

(c) Indien 'n aansoek toegestaan word ingevolge paragraaf (b), kan die hof verlot toestaan om die betrokke regsgeding in te stel, op die voorwaardes betreffende kennisgewing aan die staatsorgaan wat die hof geskik ag.

(5) (a) Indien ingevolge hierdie Wet of enige ander Wet, en behoudens paragraaf (b), voorsiening gemaak word vir enige eis teen 'n staatsorgaan of enige litigasie waarin die Staat betrokke is, om eerstens mee gehandel te word ingevolge enige administratiewe meganisme of enige meganisme wat voorsiening maak of toelaat vir 'n skikking of enige bemiddelingsmeganisme, voordat die saak in die hof voortgesit word, moet die

prosesse of prosedures met betrekking tot so 'n meganisme binne 60 dae van die betekening aan die betrokke staatsorgaan van die kennisgewing bedoel in subartikel (1)(a) uitgeput word.

(b) Die tydperk van 60 dae bedoel in paragraaf (a) mag slegs een maal uitgebrei word met die toestemming van al die partye by die verrigtinge vir nie langer as 'n verdere 60 dae nie.

Betekening van kennisgewing

3. (1) 'n Kennisgewing moet aan 'n staatsorgaan beteken word deur dit per hand af te lewer of deur dit per gesertifiseerde pos te stuur of, behoudens subartikel (2), deur dit per elektroniese pos te stuur of dit per faksimilee te versend, in die geval waar die staatsorgaan—

- (a) 'n nasionale of provinsiale departement is, vermeld in die eerste kolom van Bylae 1, 2 of 3 by die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), aan die beampte wat die bekleër is van die pos met die benaming vermeld in die tweede kolom van genoemde Bylae 1, 2 of 3 teenoor die naam van die betrokke nasionale of provinsiale departement;
- (b) 'n munisipaliteit is, aan die munisipale bestuurder aangestel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);
- (c) 'n funksionaris of instelling is, bedoel in paragraaf (c) of (d) van die woordomskrywing van "staatsorgaan", aan die voorsitter, hoof, hoof-uitvoerende beampte, of ekwivalente beampte, van daardie funksionaris of instelling, of waar die funksionaris 'n natuurlike persoon is, aan daardie natuurlike persoon; of
- (d) iemand of 'n openbare entiteit is, bedoel in paragraaf (e) van die woordomskrywing van "staatsorgaan", aan daardie persoon of aan die voorsitter, hoof, hoof-uitvoerende beampte, of ekwivalente beampte van daardie openbare entiteit.

(2) Indien 'n kennisgewing per elektroniese pos gestuur is of per faksimilee versend is soos beoog in subartikel (1), moet die krediteur—

- (a) alle redelike stappe doen om te verseker dat die kennisgewing deur die beampte of persoon aan wie dit aldus gestuur of versend is, ontvang is; en
- (b) binne sewe dae na die datum waarop daardie kennisgewing aldus gestuur of versend is, 'n gesertifiseerde afskrif van daardie kennisgewing aan die betrokke beampte of persoon per hand laat aflewer of per gesertifiseerde pos stuur, wat moet vergesel gaan deur 'n beëdigde verklaring deur die krediteur of die persoon wat die kennisgewing gestuur of versend het—
 - (i) wat die datum en tyd aandui waarop, en die elektroniese posadres of faksimileenommer waarheen, die kennisgewing aldus gestuur of versend is;
 - (ii) bevattend enige bewys dat dit gestuur of versend is;
 - (iii) wat die stappe wat ingevolge paragraaf (a) gedoen is, uiteensit; en
 - (iv) wat aandui of bevestiging van die ontvangs van die kennisgewing

verkry is en, indien toepaslik, die naam van die beampte of persoon wat daardie bevestiging gegee het.

Deel 2 **Prosesstukke**

Betekening van prosesstukke

4. (1) (a) Enige prosesstuk waarby 'n regsgeeding beoog in artikel 2(1) ingestel word, moet op die wyse voorgeskryf deur die reëls van die betrokke hof vir die betekening van prosesstukke beteken word.

(b) Ondanks paragraaf (a), kan enige prosesstuk waarby 'n regsgeeding beoog in artikel 2(1) ingestel word en waarin—

- (i) die Minister van Staatsekuriteit die verweerder of respondent is, aan die Direkteur-generaal: Nasionale Intelligensie-agentskap of die Direkteur-generaal: Suid-Afrikaanse Geheime Diens, na gelang van die geval, beteken word;
- (ii) die Minister van Polisie die verweerder of respondent is, aan die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995 (Wet No. 68 van 1995), beteken word;
- (iii) die Minister van Korrektiewe Dienste die verweerder of respondent is, aan die Kommissaris van Korrektiewe Dienste soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Korrektiewe Dienste, 1998 (Wet No. 111 van 1998), beteken word;
- (iv) 'n regterlike beampte of 'n hof die verweerder of respondent is, moet aan die regterlike beampte en hof van die betrokke hof beteken word, sowel as aan die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling; of
- (v) 'n lid van die Nasionale Vervolgingsgesag die verweerder of respondent is, moet aan die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings beteken word, sowel as aan die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling.

(2) Geen prosesstuk bedoel in subartikel (1) mag beteken word soos beoog in daardie subartikel nie voor die verstryking van 'n tydperk van—

- (a) indien artikel 2(5) nie van toepassing is nie, 30 dae nadat die kennisgewing aan die staatsorgaan ingevolge artikel 2(2)(a) beteken is; of
- (b) indien artikel 2(5) van toepassing is, 30 dae nadat enige meganisme bedoel in artikel 2(5) uitgeput is.

(3) Indien enige prosesstuk bedoel in subartikel (1) beteken is soos in daardie subartikel beoog voor die verstryking van die tydperk in subartikel (2) bedoel, word die prosesstuk geag beteken te wees op die eerste dag na die verstryking van genoemde tydperk.

Eise teen staat ontvanklik in enige bevoegde hof

5. Enige eis teen die staat vir 'n skuld wat, indien daardie eis ontstaan het teen iemand, die grond sou wees vir 'n aksie in enige bevoegde hof, is

ontvanklik deur so 'n hof, hetsy die eis ontstaan het uit enige handeling of nalate deur 'n werknemer van die staat gepleeg in sy of haar hoedanigheid en binne die bestek van sy of haar magtiging as so 'n werknemer.

Verrigtinge moet teen die betrokke uitvoeringsgesag ingestel word

6. In enige aksie of ander regsgeding wat kragtens die bepalings van artikel 5 ingestel word, moet die uitvoeringsgesag van die betrokke staatsorgaan as die nominale verweerder of respondent gesitêr word.

Deel 3

Uitvoering van finale hofbevele vir likiede bedrae

Nakoming van finale hofbevele vir likiede bedrae

7. (1) Geen eksekusie, beslaglegging of soortgelyke prosesstuk mag teen die verweerder of respondent in enige aksie of regsgeding teen die staat of teen enige eiendom van die staat uitgereik word nie, maar die bedrag, as daar is, wat nodig mag wees vir die nakoming van 'n finale hofbevel teen die nominale verweerder of respondent in so 'n aksie of geding moet betaal word soos in hierdie artikel beoog.

(2) Ondanks die gemene reg of enige andersluidende wet, behalwe vir tussentydse regshulp vir dringende of noodsaaklike mediese behandeling, mag 'n hof nie die betaling beoog in subartikel (1) beveel op enige stadium van die verrigtinge nie behalwe tydens die gee van 'n finale hofbevel.

(3) (a) Behoudens hierdie artikel moet 'n finale hofbevel vir die betaling van geld teen 'n staatsorgaan binne 30 dae betaal word vanaf die finaalwording van die bevel.

(b) (i) Die rekenpligtige beampte van die betrokke staatsorgaan moet betaling ingevolge so 'n bevel maak binne 30 dae na die finaalwording van die bevel.

(ii) Die betaling moet geskied teen die appropriasierekening of uitgawe-begroting van die staatsorgaan, waar van toepassing.

(c) (i) Indien so 'n betaling nie gedoen kan word nie weens 'n tekort aan sodanige fondse, moet die gemotiveerde rede binne 21 dae van die gee van die finale hofbevel aan die hof voorgelê word en, waar toepaslik, aan die Nasionale of betrokke provinsiale tesourie, na gelang van die geval.

(ii) In so 'n geval moet 'n aansoek terselfdertyd deur die rekenpligtige beampte by die Nasionale of betrokke provinsiale tesourie, na gelang van die geval, op die voorgeskrewe wyse gemaak word om voorsiening van die nodige fondse.

(d) Indien, in die geval van so 'n aansoek of andersins, die Nasionale of provinsiale tesourie, na gelang van die geval, oortuig is dat die betrokke staatsorgaan oor die fondse beskik om die betaling te maak, moet hy, so gou as moontlik, die betrokke rekenpligtige beampte 'n skriftelike opdrag gee

om die betaling binne 30 dae vanaf die datum van die opdrag te maak.

(4) Indien die Nasionale of provinsiale tesourie, na gelang van die geval, oortuig is dat die betrokke staatsorgaan oor geen of onvoldoende fondse beskik om die betaling te maak nie, of die betrokke rekenpligtige beampte versuim om aan enige van die bepalings van subartikel (3) binne die voorgeskrewe tydsraamwerke te voldoen, moet die Nasionale of provinsiale tesourie, na gelang van die geval, binne 30 dae vanaf bewuswording dat geen of onvoldoende fondse beskikbaar is, of van die versuim, tussenbeide tree—

- (a) indien daardie staatsorgaan 'n departement of regeringskomponent is, deur—
 - (i) die fondse in die betrokke Inkomstefonds waarop daardie departement of regeringskomponent geregtig is, te verminder met 'n bedrag gelyk aan die vonnisskuld; en
 - (ii) die vonnisskuld uit die betrokke Inkomstefonds te betaal;
- (b) indien daardie staatsorgaan 'n grondwetlike instelling, openbare entiteit of staatsonderneming is wat geregtig is op die oordrag van fondse van die betrokke Inkomstefonds, deur—
 - (i) daardie oordragte te verminder met 'n bedrag gelyk aan die vonnisskuld; en
 - (ii) die vonnisskuld uit die betrokke Inkomstefonds te betaal; of
- (c) indien daardie staatsorgaan 'n munisipaliteit is, deur—
 - (i) 'n billike aandeel, toewysing of ander oordrag van die betrokke Inkomstefonds waarop daardie munisipaliteit geregtig is, te verminder met 'n bedrag gelyk aan die vonnisskuld; en
 - (ii) die vonnisskuld uit die betrokke Inkomstefonds te betaal.

(5) Die Nasionale Tesourie kan slegs ingevolge subartikel (4)(c) tussenbeide tree indien—

- (a) daar geen of onvoldoende fondse in die Provinsiale Inkomstefonds is waarop die betrokke munisipaliteit geregtig is; of
- (b) die betrokke provinsiale tesourie versuim om ingevolge daardie subartikel op te tree.

(6) Indien die rekenpligtige beampte van 'n munisipale entiteit versuim om aan subartikel (3)(b)(i) te voldoen, kan die moedermunisipaliteit tussenbeide tree deur die vonnisskuld uit sy fondse te betaal.

(7) Enige bedrag aldus uitbetaal deur die Nasionale of provinsiale tesourie, na gelang van die geval, gedurende enige boekjaar ingevolge subartikel (4), kan afgetrek word van enige billike aandeel, toewysing, bydrae of ander fondse van inkomste nasionaal ingevorder, of enige ander oordrag waarop die betrokke staatsorgaan geregtig is in daardie of enige daaropvolgende boekjaar of -jare.

(8) In die geval waar die vonnisskuld nie betaal word binne die tydsraamwerke beoog in subartikel (3)(a), (d) of (4) nie, kan die vonnisskuldeiser, met minstens 10 dae kennisgewing, 'n kennisgewing uitreik wat die rekenpligtige beampte en die hoofde van die betrokke staatsorgaan en tesourie oproep om gronde aan te voer waarom betaling nie gedoen is nie.

(9) Die hof kan, ter beslissing van die saak, die bevel maak wat

hy goeddink, met inbegrip van—

- (a) die betaling van skadevergoeding wat deur die vertraging veroorsaak is;
- (b) 'n kostebevel, met inbegrip van koste op 'n prokureur en kliënt-skaal of *de bonis propriis*; of
- (c) die uitreiking van 'n Bevel *nisi* wat die respondente oproep om gronde aan te voer, op 'n datum wat bepaal moet word, waarom enigeen, sekere of almal nie aan minagting van die hof skuldig verklaar moet word nie en om die koste te betaal wat, in buitengewone gevalle, 'n bevel mag insluit om koste *de bonis propriis* op 'n prokureur en kliënt-skaal te betaal.

(10) Op die keerdag van die Bevel *nisi* in subartikel (9)(c) bedoel, kan die hof enige bevel toestaan wat hy goeddink.

(11) Indien betaling deur die staat gedoen is ingevolge 'n finale hofbevel en aansoek om kondonاسie word daarna by die hof gedoen vir die indiening van 'n laat appèl teen so 'n bevel, mag die hof nie so 'n aansoek om kondonاسie oorweeg voordat die betaling nie aan die staat terugbetaal is nie.

(12) Die rekenpligtige beampte van 'n staatsorgaan wat versuim om te voldoen aan enige bepaling van subartikel (3)(b)(i) of (c)(i), of aan 'n opdrag deur die Nasionale of betrokke provinsiale tesourie, na gelang van die geval, ingevolge subartikel (3)(d,) is aanspreeklik vir 'n aanklag van finansiële wangedrag ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur of die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, na gelang van die geval, en moet aangekla word.

(13) Indien die Nasionale of provinsiale tesourie, na gelang van die geval, na 'n inspeksie, ondersoek of hersiening deur hom, bevind dat daar nie-nakoming van die bepalings van hierdie Wet of sy instruksies of opdragte is of 'n behoefte vir intervensie bestaan met die oog op die finansiële, bestuur of beheer, situasie, voorwaarde of versuim van die betrokke staatsorgaan, moet 'n verslag voorberei word en die staatsorgaan moet beveel word om die remediërende stappe, in 'n kennisgewing aan die staatsorgaan gespesifiseer, te doen.

(14) Van 'n staatsorgaan onder 'n bevel kragtens subartikel (13) kan deur die Nasionale of provinsiale tesourie, na gelang van die geval, vereis word om gespesifiseerde ondersteuning te verkry om die betrokke nie-nakoming, situasie, voorwaarde of versuim reg te stel.

Deel 4

Verantwoordelikheid vir litigasie en skikking van skuld, en verslagdoening

Magtiging deur uitvoeringsgesag en rekenpligtige beampte vir litigasie of skikking van skuld

8. (1) Die uitvoeringsgesag van 'n staatsorgaan het die verantwoordelikheid om magtiging te verleen vir 'n besluit van 'n staatsorgaan om—

- (a) enige regsgeding te inisieer of in te stel; en
- (b) enige regsgeding teen hom geïnisieer of ingestel, te verdedig.

(2) Die uitvoeringsgesag moet enige besluit beoog in subartikel (1)(a) of (b) onder sy of haar handtekening of benaming magtig, en daardie bevoegdheid mag nie gedelegeer word nie.

(3) Die rekenpligtige beamppte van die betrokke staatsorgaan moet so 'n magtiging mede-onderteken.

(4) Die rekenpligtige beamppte het die verantwoordelikheid om enige besluit van 'n staatsorgaan om enige regsgeeding waarin dit betrokke is, te skik, met inbegrip van enige skuld, te magtig, en daardie bevoegdheid mag nie gedelegeer word nie.

Verslagdoening

9. (1) Elke hoof van 'n betrokke nasionale of provinsiale departement moet gedurende Januarie en Julie van elke jaar 'n verslag van alle hangende litigasie-aangeleenthede beoog in artikel 8, en wat binne daardie hoof se verantwoordelikhedsfeer val, of 'n aangeleentheid bedoel in artikel 11(1) of 12(1), aan die hoof litigasiebeamppte voorlê ten einde die hoof litigasiebeamppte instaat te stel om voor die Kabinet 'n verslag oor daardie aangeleenthede gedurende genoemde maande ter tafel te lê: Met dien verstande dat al sodanige hangende litigasie-aangeleenthede van 'n grondwetlike aard aldus oor verslag gedoen moet word gedurende Januarie, April, Julie en Oktober van elke jaar.

(2) Die besonderhede wat in die verslae beoog in subartikel (1) vervat moet word, en die tydsraamwerke, formaat en wyse daarvan, moet deur die Minister, na oorleg met die Nasionale Tesourie, voorgeskryf word.

Statistieke van litigasie

10. (1) Elke staatsorgaan moet die statistieke beoog in artikel 8(1) waarin dit betrokke is, op 'n maandelikse basis aan die hoof litigasiebeamppte rapporteer in die tydsraamwerk, formaat en op die wyse deur die Minister, na oorleg met die Nasionale Tesourie, voorgeskryf.

(2) Die hoof litigasiebeamppte moet die totale van maandelikse statistieke aldus ontvang, aan die Kabinet rapporteer in die formaat en op die wyse deur die Minister, na oorleg met die Nasionale Tesourie, voorgeskryf.

Deel 5

Verantwoordbaarheid

Siviele eise teen staat of sy werknemers

11. (1) Behoudens hierdie Wet, handel die Staatsprokureur met alle siviele eise en aksies teen die staat, of sy werknemers of gewese werknemers waar die staat middellik aanspreeklik gehou kan word, en die staat betaal alle regskoste waar die staat of genoemde werknemers aanspreeklik gehou kan word vir die eise of koste, of waar die betrokke rekenpligtige beamppte skriftelik besluit dat die eis geskik moet word, of waar 'n finale hofbevel teen die staat of

genoemde werknemers gegee is: Met dien verstande dat 'n staatsorgaan slegs die dienste van 'n ander prokureur as 'n Staatsprokureur in 'n siviele saak kan gebruik in buitengewone omstandighede soos voorgeskryf en slegs indien die uitvoeringsgesag dit skriftelik gemagtig het en die saak aan die hoof litigasiebeampte gerapporteer het ingevolge artikel 9.

(2) Waar die eis teen genoemde werknemer of gewese werknemer persoonlik ingestel is of teen hom of haar as mede-verweerder met die staat en die staat middellik aanspreeklik gehou word, en hy of sy wil hê dat die Staatsprokureur namens hom of haar moet optree—

- (a) moet so 'n werknemer die onderneming in die vorm beoog in Bylae 2 onvoorwaardelik onderteken;
- (b) die rekenpligtige beampte van die betrokke staatsorgaan moet daarna, indien hy of sy van oordeel is dat die werknemer nie die dekking in subartikel (4) bedoel, verbeur het nie, die sertifikaat aan die einde van Bylae 2 onderteken; en
- (c) wanneer paragraawe (a) en (b) nagekom is, moet die betrokke staatsorgaan die Staatsprokureur voorsien van 'n skriftelike opdrag om die werknemer op welke toepaslike voorwaardes hy of sy goeddink, te verteenwoordig en moet hom of haar voorsien van die behoorlik ondertekende onderneming, met inbegrip van die getekende sertifikaat.

(3) 'n Opdrag en ondertekende onderneming, met inbegrip van 'n behoorlik getekende sertifikaat, soos beoog in subartikel (2), moet ten opsigte van ieder en elke eis, aansoek, appèl of enige ander siviele regsding van so 'n werknemer voorsien word voordat die Staatsprokureur namens hom of haar mag optree.

(4) 'n Staatsorgaan moet middellike aanspreeklikheid aanvaar vir enige verlies of skade deur iemand anders gely wat ontstaan het uit 'n handeling of nalate van 'n werknemer, as 'n eis teen die staat, en verhaal nie vergoeding of koste van die werknemer nie, tensy die werknemer die dekking verbeur indien hy of sy geregtelik aanspreeklik is en, met betrekking tot die betrokke handeling of nalate—

- (a) nie in die loop en binne die bestek van sy of haar diens opgetree het nie;
- (b) opsetlik sy of haar bevoegdhede oorskry het;
- (c) van alkohol of dwelms gebruik gemaak het;
- (d) roekeloos of opsetlik opgetree het;
- (e) sonder vooraf oorleg met die Staatsprokureur 'n erkenning tot nadeel van die staat gemaak het; of
- (f) versuim het om te voldoen aan bestaande voorskrifte of hulle geïgnoreer het waarvan hy of sy bewus was of redelik verwag kon word om van bewus te gewees het, wat tot die verlies, skade of rede vir die eis gelei het, met uitgesondering van skade wat ontstaan het uit die gebruik van 'n staatsvoertuig; en
- (g) in die geval van 'n verlies, skade of eis wat ontstaan het uit die gebruik van 'n staatsvoertuig, die werknemer—
 - (i) die voertuig sonder magtiging gebruik het;
 - (ii) nie 'n geldige bestuurslisensie of ander toepaslike lisensie besit het

- nie;
- (iii) die voertuig nie in staatsbelang gebruik het nie;
 - (iv) ongemagtigde persone toegelaat het om die voertuig te bestuur of te hanteer; of
 - (v) substansieel van die amptelike reis of roete sonder vooraf magtiging afgewyk het.

(5) Ondanks die bepalings van subartikel (4), waar die werknemer of gewese werknemer na die oordeel van die rekenpligtige beampte van die staatsorgaan die saak verloor of substansieel verloor, of dit later bevind word dat die werknemer of gewese werknemer in werklikheid die dekking beoog in subartikel (4) verbeur het, moet hy of sy al die regskoste soos beoog in genoemde onderneming in Bylae 2 aan die staat terugbetaal.

Strafregtelike aangeleenthede

12. (1) Waar 'n werknemer of gewese werknemer van 'n staatsorgaan aangekla word in 'n strafszaak of 'n geregtelike doodsondersoek moet bywoon as gevolg van gedrag in die uitvoering van sy of haar amptelike pligte en hy of sy nie die dekking beoog in artikel 11(4), met die verandering deur die konteks vereis, word sy of haar verdediging, behoudens subartikel (2), deur die Staatsprokureur onderneem indien hy of sy aldus die staatsorgaan versoek: Met dien verstande dat 'n staatsorgaan nie die dienste van 'n ander prokureur as die Staatsprokureur ten opsigte van enige strafszaak mag gebruik nie.

(2) Indien die rekenpligtige beampte oortuig is dat die werknemer of gewese werknemer nie skuldig is aan die beweerde kriminele klag nie en nie die dekking beoog in artikel 11(4), met die veranderinge deur die konteks vereis, verbeur het nie, en die werknemer of gewese werknemer die onderneming beoog in Bylae 3 onvoorwaardelik geteken het, moet hy of sy eers dan die sertifikaat aan die einde van Bylae 3 onderteken en die voorgenome uitgawe skriftelik magtig en die Staatsprokureur opdrag gee om die werknemer te verteenwoordig op welke toepaslike voorwaardes hy of sy goeddink.

(3) 'n Skriftelike opdrag en behoorlik ondertekende onderneming, met inbegrip van 'n getekende sertifikaat, soos in subartikel (2) beoog, moet deur die rekenpligtige beampte van die staatsorgaan aan die Staatsprokureur voorsien word ten opsigte van elk en iedere beweerde kriminele aanklag, aansoek, of appèl of enige ander strafregtelike verrigting waarin die werknemer betrokke is, voordat die Staatsprokureur namens hom of haar mag optree.

(4) (a) Behoudens paragraaf (b) en die bepalings van Bylae 3, moet al die regskoste in so 'n saak behoorlik gemagtig ingevolge subartikel (2), gelees met subartikel (3), deur die staat gedra word.

(b) Waar dit later bevind word dat die werknemer of gewese werknemer skuldig of substansieel skuldig is soos aangekla, of in werklikheid die dekking beoog in artikel 11(4), met die veranderinge vereis deur die konteks, verbeur het, moet hy of sy al die regskoste soos beoog in die onderneming in Bylae 3 aan die staat terugbetaal.

Deel 6 Diverse

Regulasies

- 13.** Die Minister—
- (a) moet die regulasies uitvaardig wat deur hierdie Wet vereis word, met inbegrip van regulasies wat voorsiening maak vir administratiewe of bemiddelingsprosedures wat nodig of dienstig is ten einde uitvoering te gee aan die bepalings van artikel 2(5); en
 - (b) kan die regulasies uitvaardig wat nodig of dienstig is vir die bereiking van die oogmerke van hierdie Wet.

Voorbehoude

- 14.** Geen bepaling in hierdie Wet vervat, raak 'n bepaling van enige Wet wat—
- (a) die aanspreeklikheid van 'n staatsorgaan ten opsigte van 'n handeling of nalate van sy werknemers beperk nie;
 - (b) bepaalde tydperke voorskryf waarbinne 'n eis ingestel moet word ten opsigte van so 'n aanspreeklikheid nie; of
 - (c) voorwaardes oplê by die instel van enige aksie nie.

Wysiging of herroeping van wette, en oorgangsbepalings

- 15.** (1) Die wette bedoel in Bylae 1 word gewysig of herroep in die mate in die derde kolom van daardie Bylae uiteengesit.
- (2) Enige regsding ingestel teen of deur 'n staatsorgaan voor die inwerkingtreding van hierdie Wet en wat nog nie afgehandel is nie, moet mee gehandel word asof hierdie Wet nie aangeneem is nie.

Kort titel en inwerkingtreding

- 16.** Hierdie Wet heet die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 2009, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Bylae 1

WETTE GEWYSIG OF HERROEP DEUR ARTIKEL 15(1)

No. en jaar van wet	Kort titel	Omvang van wysiging of herroeping
Wet 20 van 1957	Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957	Herroeping van die geheel
Wet 40 van 2002	Wet op die Instelling van Regsgedinge teen sekere Staatsorgane, 2002	<p>1. Herroeping van artikels 3, 4 en 5.</p> <p>2. Vervanging van artikel 6 deur die volgende artikel: "Kort titel 6. Hierdie Wet heet die Wet op die Verjaring van Skuld van sekere Staatsorgane, 2002."</p> <p>3. Vervanging van die lang titel deur die volgende lang titel: <u>"Om die verjaring van skuld en die tydperke daaraan verbonde waarvoor sekere Staatsorgane aanspreeklik is, te reël en te harmonieer; sekere wette te herroep of te wysig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan."</u></p>

Bylae 2
AANSOEK EN ONDERNEMING MET BETREKKING TOT SIVIELE SAAK
INGEVOLGE ARTIKEL 11 VAN DIE WET OP STAATSAANSPREEKLIKHEID,
2009

Ek,, die ondergetekende, werksaam of voorheen werksaam as in, versoek hiermee die Staatsprokureur ingevolge artikel 11 van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 2009, om die aksie teen my ingestel deur, te verdedig.

1. Ek bevestig hiermee dat ek artikel 11 van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 2009 (die Wet), en Bylae 2 by die Wet, gelees het en dit verstaan.
2. Ek verklaar hiermee dat ek 'n behoorlike en goeie verweer teen die siviele aksie het wat teen my gebring word, en dat ek te alle tersaaklike tye hiertoe in die loop en bestek van my pligte opgetree het en dat ek nie die dekking bedoel in artikel 11(4) van die Wet met betrekking tot die siviele aksie teen my gebring, verbeur het nie.
3. Ek onderneem hiermee om op aanvraag aan die staat alle koste (met inbegrip van prokureur en kliënt koste) betrokke by die saak terug te betaal, met inbegrip van die eiser se koste, indien die staat dit betaal het, en enige ander bedrae wat die staat mag uitbetaal het namens my ingevolge enige skikking van die eis of enige hofbevel teen my, indien ek, na die oordeel van die rekenpligtige beampte—
 - (a) die saak verloor of substansieel verloor; of
 - (b) die dekking bedoel in artikel 11(4) van die Wet verloor het.
4. Ek magtig die staat hiermee om in een paaiement of in enige aantal paaiemente wat die rekenpligtige beampte mag goeddink enige bedrag verskuldig ooreenkomstig hierdie ooreenkoms van my salaris af te trek. Ek sedgeer ook hiermee aan die staat al my regte en eise vir enige regskoste wat ek ingevolge 'n hofbevel mag ontvang.
5. Ek verklaar dat ek bewus is van die bepalings van artikel 21(3) van die Regeringswerknemerspensioenwet, 1996 (Proklamasie No. 21 van 1996), met betrekking tot aftrekkings ingevolge en ooreenkomstig daardie artikel van enige annuïteit of voordeel aan my betaalbaar by my aftrede of uittrede ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), ten opsigte van enige bedrag deur my verskuldig aan die staat weens 'n besluit beoog in hierdie ooreenkoms.
6. Ek is bewus dat die Staatsprokureur op 'n latere datum teen my kan optree namens die staat in 'n saak voortspruitend uit hierdie saak of wat daarmee verband hou, en ek stem hiermee toe dat enige inligting van my verkry teen my gebruik mag word en dat sy of haar optrede namens my in hierdie saak hom of haar nie sal verhoed om later teen my in ander sake op te tree nie.
7. Ek onderneem om, indien ek die diens van die staat verlaat en vir so lank as ek die staat enige bedrag ingevolge hierdie onderneming skuld, om die

betrokke staatsorgaan in kennis te stel van enige adresverandering en, indien ek versuim om dit te doen, kan ek aanspreeklik gehou word vir enige koste opgeloop om my op te spoor.

8. Ek magtig ook hiermee die Ontvanger van Inkomste om my adres aan die betrokke staatsorgaan te verskaf indien daarom versoek ingevolge hierdie ooreenkoms.
9. Ek doen hiermee afstand van enige reg om verjaring te pleit met betrekking tot enige bedrag deur my aan die staat verskuldig ingevolge hierdie ooreenkoms en wat betaalbaar mag word.

Geteken te op hierdie dag van
20.....

.....
Handtekening

Getuies:

1.
2.

SERTIFIKAAT

Ek,, in my hoedanigheid as, verklaar dat ek, op die basis van die inligting tot my beskikking, van oordeel is dat die werknemer/gewese werknemer nie sy of haar dekking bedoel in artikel 11(4) van die Wet verbeur het nie en dat sy of haar verdediging deur die Staatsprokureur in belang van die staat is, en ek magtig dus dat die bogenoemde aansoek aanvaar word en dat die werknemer/gewese werknemer se verdediging deur die Staatsprokureur, soos versoek, op staatskoste onderneem word.

Gedateer te op hierdie dag van
20.....

.....
Rekenpligtige Beampte

Bylae 3
AANSOEK EN ONDERNEMING MET BETREKKING TOT VERDEDIGING
DEUR STAATSPROKUREUR IN STRAFSAAK INGEVOLGE ARTIKEL 12 VAN
DIE WET OP STAATSAANSPREEKLIKHEID, 2009

Ek,, die ondergetekende, 'n werknemer/gewese werknemer van doen hiermee aansoek om verdediging deur die Staatsprokureur in 'n strafsak, Staat vs (saakno.....), waarin ek beskuldig word van

1. Ek bevestig dat ek artikel 12 van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 2009 (die Wet), en Bylae 3 by die Wet, gelees het en dit begryp.
2. Ek verklaar hiermee dat ek nie skuldig is aan die beweerde kriminele aanklag nie en dat ek nie die dekking bedoel in artikel 11(4) van die Wet, met die veranderinge deur die konteks vereis, met betrekking tot die beweerde kriminele aanklag verbeur het nie.
3. Ek onderneem hiermee om op aanvraag alle koste deur die Staatsprokureur aangegaan in verband met my verdediging aan die staat terug te betaal indien ek, na die oordeel van die rekenpligtige beampte—
 - (a) skuldig of substansieel skuldig bevind word aan die beweerde kriminele aanklag; of
 - (b) die dekking in paragraaf 2 bedoel, verbeur het.
4. Ek magtig die staat hiermee om in een paalement of in enige aantal paalemente wat die rekenpligtige beampte mag goeddink enige bedrag verskuldig ooreenkomstig hierdie ooreenkoms van my salaris af te trek.
5. Ek verklaar dat ek bewus is van die bepalinge van artikel 21(3) van die Regeringswerknemerspensioenwet, 1996 (Proklamasie No. 21 van 1996), met betrekking tot aftrekkings ingevolge en ooreenkomstig daardie artikel van enige annuïteit of voordeel aan my betaalbaar by my aftrede of uittrede ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994), ten opsigte van 'n bedrag deur my aan die staat verskuldig weens 'n besluit beoog in hierdie ooreenkoms.
6. Ek is bewus dat die Staatsprokureur op 'n later datum teen my kan optree namens die staat in 'n saak wat voortspruit uit hierdie saak of in verband daarmee, en ek stem hiermee in dat enige inligting van my ontvang teen my gebruik mag word en dat sy of haar optrede namens my in hierdie saak hom of haar nie sal verhoed om later teen my in ander sake op te tree nie.
7. Ek onderneem om indien ek die diens van die staat verlaat en vir so lank as wat ek die staat enige bedrag ingevolge hierdie onderneming skuld, om die betrokke staatsorgaan van enige adresverandering in kennis te stel en, indien ek versuim om dit te doen, kan ek aanspreeklik gehou word vir enige koste opgeloopt om my op te spoor.
8. Ek magtig ook hiermee die Ontvanger van Inkomste om my adres aan die betrokke staatsorgaan te voorsien indien daarom versoek.
9. Ek doen hiermee afstand van enige reg om verjaring te pleit met

betrekking tot enige bedrag wat ek aan die staat verskuldig mag wees
ingevolge hierdie ooreenkoms en wat betaalbaar mag word.

Geteken te op hierdie dag van
20.....

.....
Handtekening

Getuies:

1.

2.

SERTIFIKAAT

Ek,, in my hoedanigheid as,
verklaar dat ek, op die basis van die inligting tot my beskikking, van oordeel is
dat die werknemer/gewese werknemer nie skuldig is aan die beweerde kriminele
aanklag nie en nie die dekking bedoel in artikel 11(4), met die veranderinge deur
die konteks vereis, verbeur het nie, en dat sy of haar verdediging deur die
Staatsprokureur in die belang van die staat is, en ek magtig dus dat die
bogenoemde aansoek aanvaar word en dat daardie werknemer/gewese
werknemer se verdediging deur die Staatsprokureur, soos versoek, op
staatskoste onderneem word.

Gedateer te op hierdie dag van
20.....

.....
Rekenpligtige Beampte

MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE WETSONTWERP OP STAATSAANSPREEKLIKHEID, 2009

1. AGTERGROND

- 1.1 Die Wetsontwerp op Staatsaanspreeklikheid, 2009 (die Wetsontwerp), beoog om die ongrondwetlikheid van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957 (Wet No. 20 van 1957), reg te stel.
- 1.2 Die agtergrond inligting uiteengesit in paragraaf 1.1 tot 1.5 van die Memorandum oor die Oogmerke van die Agtiende Wysigingswetsontwerp op die Grondwet van 2009 in Aanhangel A verval, geld ook ten opsigte van die Wetsontwerp.

2. BEPALINGS VAN WETSONTWERP

- 2.1 Die Wetsontwerp beoog om die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957, te vervang ten einde voorsiening te maak vir—
- (a) prosedurele vereistes vir die instelling van geregtelike verrigtinge teen die staat;
 - (b) maatreëls vir die afdwinging van die uitvoering van finale hofbevele teen die staat, met inbegrip van betalings wat deur die staat gemaak moet word ten einde finale hofbevele na te kom; en
 - (c) maatreëls ten einde die staat in staat te stel om doeltreffend en afdoende met alle geregtelike verrigtinge waarby die staat betrokke is, te handel.
- 2.2 Die inhoud van die Wetsontwerp is, benewens die uitleg klousule, verdeel in 6 Dele en 3 Bylaes. Die eerste twee Dele, wat onderskeidelik handel oor "Kennisgewing" en "Prosesstukke", is, sonder enige substantiewe wysigings, oorgeneem uit die Wet op die Instelling van Regsgedinge teen sekere Staatsorgane, 2002 (Wet No. 40 van 2002), wat ook met "verjaring van skulde" handel. Die bepalings in daardie Dele is derhalwe bestaande wetgewing wat herverorden word in die Wetsontwerp. Deel 3 handel oor "Uitvoering van finale hofbevele vir likiede bedrae", en beoog om die bevinding van ongrondwetlikheid hierbo bespreek in die *Nyathi*-saak, reg te stel. Deel 4 handel oor "Verantwoordelikheid vir litigasie en skikking van skuld, en verslagdoening", Deel 5 handel oor "Verantwoordbaarheid" en Deel 6 handel oor "Diverse". Bylae 1 bevat wette wat deur die Wetsontwerp gewysig of herroep word. Bylae 2 en 3 is *pro forma* ondernemings wat werknemers of gewese werknemers van die staat in die wydste sin van die woord sal moet nakom voordat aan hulle regsverteenvoording onderskeidelik in siviele of kriminele sake verleen sal word.

- 2.3 Die bepalings van die Wetsontwerp kan soos volg opgesom word:
- (a) Klousule 1 beoog om 'n woordomsrywingsklousule in te voeg.
 - (b) Klousule 2 beoog om voor te skryf dat kennisgewing van beoogde geregtelike verrigtinge aan 'n staatsorgaan gegee moet word voordat sodanige stappe ingestel mag word.
 - (c) Klousule 3 beoog om die wyse voor te skryf waarop so 'n kennisgewing aan 'n staatsorgaan beteken moet word.
 - (d) Klousule 4 van Deel 2 beoog om die wyse voor te skryf waarop prosesstukke aan 'n staatsorgaan beteken moet word. Deel 1 en klousule 4 is bestaande bepalings wat in die Wetsontwerp herverorden word.
 - (e) Klousule 5 van Deel 2 is 'n aanpassing van artikel 1 van die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957, en beoog om voor te skryf dat eise teen die staat in enige bevoegde hof beregbaar is.
 - (f) Klousule 6 van Deel 2 beoog om voor te skryf dat geregtelike verrigtinge teen die staat teen die uitvoeringsgesag van die betrokke staatsorgaan ingestel moet word.
 - (g) Klousule 7 van Deel 3 beoog om die wyse voor te skryf waarop aan finale hofbevele vir likiede bedrae voldoen moet word, en voldoen daardeur aan die beslissing in die *Nyathi*-saak. Dit begin by dieselfde uitgangspunt dat daar nie eksekusie, inbeslagneming of soortgelyke proses teen die staat of die eiendom van die staat moet wees nie, maar bepaal dat aan 'n finale hofbevel binne 30 dae vanaf die uitreiking daarvan voldoen moet word. Die rekenpligtige beampte van die betrokke staatsorgaan is verantwoordelik vir die maak van die betaling. Indien daar 'n tekort aan fondse is, word ander maatreëls voorgeskryf, met inbegrip van 'n intervensie deur die Nasionale of provinsiale tesourie ten einde die betaling te maak. Indien alles anders faal, kan die vonnisskuldeiser, met 10 dae kennisgewing, die betrokke rekenpligtige beampte, die hoof van die tesourie en die hoof van die departement oproep om aan die hof te verduidelik waarom die betaling nie gedoen is nie. Die hof het dan 'n wye diskresie om na goeddunke op te tree. 'n Rekenpligtige beampte wat versuim om aan die bepalings betreffende betaling te voldoen, is aanspreeklik vir minagting van die hof of vir 'n aanklag van finansiële wangedrag.
 - (h) Klousule 8 van Deel 4 beoog om voorsiening te maak dat die uitvoeringsgesag van 'n staatsorgaan die verantwoordelikheid het om enige besluit deur 'n staatsorgaan om—
 - (i) geregtelike verrigtinge te inisieer of in te stel; en
 - (ii) enige geregtelike verrigtinge teen hom geïnisieer of ingestel, te verdedig,te magtig. Daardie bevoegdheid mag nie gedelegeer word nie. Die rekenpligtige beampte kan besluit om in enige sodanige verrigtinge 'n skikking aan te gaan, welke bevoegdheid ook nie gedelegeer mag word nie.

-
- (i) Klousule 9 van Deel 4 beoog om voor te skryf dat elke hoof van 'n nasionale of provinsiale departement verslae oor hangende litigasie-aangeleenthede wat binne hulle sfeer van verantwoordelikheid val, twee keer per jaar aan die hoof litigasiebeampte moet voorlê, wat 'n gesamentlike verslag voor die Kabinet ter tafel moet lê. Alle sodanige aangeleenthede van 'n grondwetlike aard moet vier maal per jaar oor verslag gedoen word.
 - (j) Klousule 10 van Deel 4 beoog om voor te skryf dat elke staatsorgaan oor statistieke van litigasie beoog in klousule 8(1) waarby hy betrokke is, op 'n maandelikse basis aan die hoof litigasiebeampte verslag moet doen, wat die totale statistieke aldus ontvang aan die Kabinet moet rapporteer.
 - (k) Klousule 11 van Deel 5 beoog om voor te skryf wat moet gebeur in gevalle van siviele eise teen die staat of sy werknemers in wyer sin, en bepaal wie verantwoordelik sal wees vir die regskoste aangegaan indien die staat vir sodanige eise aanspreeklik is.
 - (l) Klousule 12 van Deel 5 is soortgelyk aan klousule 11, maar het betrekking op kriminele sake.
 - (m) Deel 6 bevat diverse bepalings betreffende die uitvaardiging van regulasies (klousule 13), voorbehoude (klousule 14), wysiging en herroeping van wette (klousule 15) en die kort titel (klousule 16). Bylae 1 bevat die wette wat gewysig en herroep word, naamlik die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957, en die Wet op die Instelling van Geregtelike Verrigtinge teen sekere Staatsorgane, 2002.
-